

# Helpmekaar Kollege

# ONS WERK

- Ons skryf die uitdagende IEB-eksamen (Independent Examination Board).
- Ons spog jaarliks met 'n 100%-slaagsyfer en 'n hele graadgroep met toelating tot verdere studies.

## MATRIEKUITSLAE

- **Groepgemiddeld in Graad 8: 71%**
  **Groepgemiddels in Gr. 12: 79.8%**
- **3.64 A's per matrikulant**
- **1 693 vakke geskryf**
- **805 A's behaal = 47.5% van alle vakke geskryf**
- **506 B's – dus A's en B's = 77% van alle vakke geskryf**
- **Net 23% van alle vakke geskryf se punt is minder as 70%**

## ANDER PLUSPUNTE

- **Aanlyn kursusse** word in ons Digitale Innovasie-HUB aangebied.
- Geen beperking t.o.v. **vakkeuses** nie.
- Vanaf graad 10-12 bied ons **8 vakke**, i.p.v. 7, op die rooster aan.
- Aanbied van **Verdere Studies** in Engels, Wiskunde, Fisika en Chemie.
- Evaluering en aanpas van leer- en **studiemetodes** vir elke kind.
- Verrykingsprogramme – elke Gr.9-leerder kry 'n **internasionaal geakkrediteerde sertifikaat**.
- Ontwikkeling van leesvaardighede.
- Inkorperering van ***AI* as positiewe onderriginstrument** vir u kind.
- Ons neem aan vele **olimpiades** deel.

## HOE KRY ONS DIT REG?

- **INTENSE INTERAKSIE**
  in elke klas omdat klasgroottes 20 of minder is.
- **UITMUNTENDE VAKONDERWYSERS**
  reeds vanaf Graad 8.
- **GEFOKUS OP KRITIESE DENKE**
  konteks wat verstaan word deur die regte vrae te vra om by die oplossing van probleme uit te kom - dít bepaal sukses.
- **ONTWIKKELING VAN DENKVAARDIGHEDE**
  is hoe ons u kind voorberei vir universiteite se toelatingseksamens.
- **HIER WERK ONS!**
  Maar in 'n gemaklike, gemotiveerde en gedissiplineerde werksomgewing.
- **ONS MAAK PLEK**
  vir elke kind se unieke leer- en denkbehoeftes (+menswees) . Geen elitisme nie.
- **BRILJANTE PERSONEEL**
  doen aansoek en die béstes word aangestel – 'n proses waaroor ons volledige beheer het - ons kan uitsoek en self kies.
- **VERSKEIE TALE**
  word aangebied, nl. Frans, Duits, Spaans, Afrikaans Huistaal, Engels Huistaal of Eerste Addisionele Taal.
- **ONS SKRYF DIE SAT'S** (Amerikaanse toelatingseksamen) aan die einde van Graad 11 en *NBT's* (National Benchmark Tests) in Matriek.
- **ENGELSE VAKTERMINOLOGIE**
  word tydens klastyd en in alle assesserings ook gebruik.

## HOE GAAN EK TOT BY DIE SKOOL KOM?

Helpmekaar het tans 'n vloot van **23 busse** in totaal en 19 busse wat roetes ry.
Tans word daar 1 141 leerlinge by **48 busoptelpunte** opgetel en 1 102 afgelaai.
Die busse reis tussen **38 000 km–40 000 km per maand**.
Busse **word 24/7 gemonitor** t.o.v. alle padveiligheidvereistes.

Of

**110 koshuisleerders** met **nege diensdoenende** personeel en voogde – **'n ware tuiste weg van die huis.**

**Helpmekaar se matriekgroep van 2029**




# ONS WOEL

**26**
**sportsoorte**

- Atletiek
- Avontuursport
- Basketbal
- Bergfiets
- Boogskiet
- Driekamp
- E-sport
- Gholf
- Hengel
- Hokkie
- Jukskei
- Krieket
- Landloop
- Muurbal
- Netbal
- Oriëntering
- Padfiets
- Rotsklim
- Ruitersport
- Rugby
- Skaak
- Skerm
- Skuba-duik
- Skyfskiet
- Swem
- Tennis

### ATLETIEK
Elke atleet wat wil deelneem word geakkomodeer. Een van die top-atletiekskool in SA – wen Super-Interhoër A-bond 2023 vir die vierde jaar in 'n ry. Verskeie SA-kampioene en podiumplekke op die SA-skole en SA-klubkampioenskappe.

### HOKKIE: SEUNS EN MEISIES
Die seun- en dogterspanne neem aan toptoernooie deel en lewer verskeie provinsiale spelers op. Seuns 1ste-span is Noordvaal-wenners. Die hokkie toer elke tweede jaar na Europa.

### KRIEKET
Helpmekaar is een van die top 10-krieketskole in Gauteng. Ons neem aan die *Boys school*-liga deel en maak van die *Henri Grobbelaar Kraft*-krieket-akademie gebruik. Elke derde jaar vind daar 'n oorsese toer plaas; 2024 reis ons na Indië.

### NETBAL
Vier van ons spanne is verteenwoordig by die SA skole kampienskappe. Twee spanne behaal podiumplekke by SA's: Die o.14's is SA wenners en die o.16's wen silwer. Verder lewer ons 13 provinsiale spelers op.

### RUGBY
Wen o.16-beker in die Noordvaal-finaal en word aangewys as die top skool in Noordvaal-toernooi. In 2023 lewer ons 21 provinsiale spelers en twee Goue Leeus-o.18-sewesspelers op plus een SA skolespeler.

### TENNIS: SEUNS EN MEISIES
Ons spelers neem aan toptoernooie, soos Betlehem, Hilton / St. Anne's, Gerrie Berner, Affies prestige en die St. Stithian's Easter Festival deel. 'n Nuwe voltydse professionele afrigter, wat vanaf 2023 by ons afrig, het self op nasionale vlak gekompeteer.

## KULTUUR

### ATKV-REDENAARS
48 leerders is aktief deel van die ATKV. 21 Helpies in Top 10 van semifinaal. Ses Helpies in die ATKV-landsfinaal 2023.

### ATKV-DEBAT
40 leerders is in debat-spanne. Aanbieders van eerste rondte. Twee spanne in die ATKV-landsfinaal in 2023. Wen die junior Dink of Sink-kompetisie.

### BLITSBREIN
Nasionale graad 10 en 11 wenner sowel as die graad 12-wenner.

### HELPIE-FLITSE: SKOOLKOERANT
Helpmekaar is jaarliks 'n formidabele krag by Media24 se nasionale skoolkoerantkompetisie. Ons wen vir die tweede jaar in 'n ry *Beste digitale koerant* in die land.

### KLUBS EN ANDER FUNKSIES
Kunsklub, fotografieklub, groenklub, valentynsbal en -week, Beauty and the Beast, entrepeneurskompetisie, modeparade, gholfdag, Crazy Friday en LAN.

### KOOR
ATKV-Applous prestige deelname. Franco Prinsloo, ons nuwe koormeester, wen verskeie toekennings.

### PRODUKSIE
Elke Helpie is in afwagting... Daar word elke jaar 'n opvoering van hoogstaande gehalte gehou – die hele skool neem hieraan deel. 2024 se produksie: Sonder!

### TIENERTONEEL
Ses tonele in 2023. Ons neem aan verskeie kompetisies deel en presteer in almal. Twee tonele in ATKV-landsfinaal.

### PLUS
Spraakgilde, Speechguild, Orkes, WOW-spelkompetisie, dansgroep, Algemene Kennis, Pronkpodium, ens.

**Helpmekaar se matriekgroep van 2029**